Predikante Pensioenfonds
van die Ned. Geref. Kerk in Suid-Afrika

In-fonds lewende annuïteit: Vrywaringsvorm

1. Hiermee verklaar ek, die ondergetekende persoon, soos hier onder geïdentifiseer, dat ek besluit het om die opsie uit te oefen vir die Predikante Pensioenfonds van die Nederduitse Gereformeerde Kerk in Suid-Afrika (PPF) se **in-fonds lewende annuïteit**.

Volle name en Van:	
Identiteitsnommer:	

2. Ek verklaar dat ek verstaan dat hierdie keuse volledig my eie keuse is en dat ek weet dat ek onder geen verpligting hoegenaamd staan om hierdie in-fonds lewende annuïteit opsie uit te oefen nie. Ek verklaar uitdruklik dat ek verstaan dat ek vry is om pensioen buite die PPF aan te koop.

3. Voltooi hierdie gedeelte slegs indien u **BINNE** gemeenskap van goed getroud is.

Skryf "Ja" of "Nee" soos van toepassing

Getroud **BINNE** gemeenskap van goed:	

Indien "Ja", bevestig ek dat my gade se besonderhede as volg is:

Volle name en Van:	
Identiteitsnommer:	

4. Ek bevestig dat ek die PPF se algemene aftrede kommunikasie (PPF1 en PPF 2) en die in-fonds lewende annuïteit dokumentasie (PPF 3 tot PPF 8, gedateer Maart 2021) ontvang het en dat ek die inhoud daarvan verstaan.

5. Ek verklaar hiermee die volgende oor finansiële advies:
[Maak 'n keuse tussen "**ADVIES ONTVANG"** of "**NIE ADVIES ONTVANG NIE**". Trek 'n streep deur die gedeelte wat nie van toepassing is nie en parafeer in die blokkie langs die deurstreepte blok]

Advies ontvang	Ek het **finansiële advies ontvang** met betrekking tot die opsie om 'n alternatiewe pensioen te kies in die vorm van 'n in-fonds lewende annuïteit en op grond hiervan het ek die in-fonds lewende annuïteit opsie gekies. Ek het finansiële advies ontvang oor hoe om voorsiening te maak ten einde die effek van toekomstige inflasie teen te werk en pensioen te voorsien aan my gade by my afsterwe.	
Nie advies ontvang nie	Ek het vrywillig en uit eie keuse **nie finansiële advies ontvang** met betrekking tot my opsies op aftrede nie. Ek verstaan en aanvaar die implikasies van 'n in-fonds lewende annuïteit asook my keuses ten opsigte van my onttrekkingskoers, beleggingskeuse, die effek van toekomstige inflasie en pensioenvoorsiening aan my gade by my afsterwe.	

6. Ek verklaar dat geen van die persone in paragraaf 10 my aangemoedig of aanbeveel het om die in-fonds lewende annuïteit opsie uit te oefen nie.

7. Ek verstaan dat ek, deur 'n in-fonds lewende annuïteit te kies, die volle risiko op myself neem dat die pensioen, wat van tyd tot tyd deur die onderliggende kapitaal voorsien gaan word, moontlik ontoereikend kan wees. Ek verstaan dat die kapitaal voor my dood en die dood van my gade en afhanklike(s) moontlik uitgeput kan raak.

8. Ek verstaan dat hierdie situasie mag ontstaan weens ’n verskeidenheid redes, insluitend:

8.1 SKOMMELINGE IN DIE MARKWAARDE VAN DIE KAPITAAL

Die waarde van die onderliggende kapitaalbalans sal van tyd tot tyd af- en toeneem afhangende van skommelinge in die markwaarde van die onderliggende beleggings.

8.2 SKOMMELINGE IN DIE BELEGGINGSINKOMSTE

Die beleggingsverdienste op die onderliggende kapitaalbalans sal van tyd tot tyd wissel.

8.3 ONTTREKKING VAN DIE KAPITAAL

Die pensioen wat onttrek word, sal deels saamgestel word uit die beleggingsinkomste soos verdien uit die onderliggende kapitaal. Wanneer die beleggingsinkomste wat gelewer word, nie meer voldoende is om die pensioen wat onttrek word, te dek nie, sal die kapitaal outomaties verminder. Tye van swak beleggingsprestasie sal die posisie vererger.

8.4 LEWENSVERWAGTING

Ek, en/of my gade, en/of my afhanklikes mag langer lewe as wat verwag is.

8.5 INFLASIE

Die koopkrag van ’n pensioen sal mettertyd afneem indien die inkomstevlak nie op ’n gereelde basis aangepas word om toe te laat vir die impak van inflasie nie. Die gekose onttrekkingskoers, tesame met die verwagte beleggingsgroei bo inflasie oor die langtermyn gebaseer op die onderliggende beleggingsportefeuljes, moet ideaal gesproke toelaat vir toekomstige pensioenverhogings om die impak van inflasie teen te werk.

9. Deur ’n in-fonds lewende annuïteit te kies, erken ek dat nie ek, my gade of enige toekomstige afhanklikes enige huidige of verdere eise mag hê teen die Fonds nie behalwe tot die omvang van die balans in my lewende annuïteitsrekening, terwyl dit van die Fonds voorsien word.

10. Ek vrywaar en stel die Fonds, die lede van die Beheerliggaam en Hoofbeampte van die Fonds, die NG Kerk in Suid-Afrika, my werkgewer / gemeente en deelnemende sinode, die werknemers van die Pensioenkantoor en Alexander Forbes onherroeplik vry van skade of verlies wat mag spruit uit my keuse van ’n in-fonds lewende annuïteit en/of as gevolg van enige vermindering in my lewende annuïteitsrekening in die Fonds as gevolg van my beleggingskeuses en persentasie pensioen wat ek van tyd tot tyd kies om te onttrek.

11. Ek erken dat hierdie vrywaring ook bindend is ten opsigte van my nasate, eksekuteurs, administreerders en regverkrygendes.

12. Ek heg my voltooide Beleggingskeusevorm hierby aan.

13. Hierdie vorm is deur my (en waar van toepassing my gade) op die volgende datum en plek in teenwoordigheid van die volgende getuie geteken:

Datum:	
Plek (Dorp/Voorstad):	

Handtekening van lid:	
Volle name en Van:	

[Die gade moet ook teken indien die egpaar binne gemeenskap van goed getroud is]

Handtekening van gade:	
Volle name en Van:	

Handtekening van getuie:	
Volle name en Van:	